# BUITELANDSE VLAGVERTOONBESOEKE AAN SUID-AFRIKAANSE HAWENS (2): DIE PERIODE VAN FLUKTUERENDE INTERNASIONALE BETREKKINGE, 1961-94

**André Wessels**[1]

***Summary***

*In a previous article a brief historical review was given of flag-showing visits by foreign warships to South Africa from 1652 to 1961; i.e. from the time of the Dutch settlement at the Cape until South Africa became a republic. In this, the second of three articles that deal with visits by foreign "grey diplomats" to South African ports, foreign flag-showing cruises to the Republic of South Africa in the years 1961 to 1994 are described and analysed. Three phases in this period can be identified gradual isolation, 1961-76; almost complete isolation, 1977-89; and South Africa's gradual re-admission to the international community, 1990-4, with the concomitant increase in the number of foreign warship visits to South Africa. Although the National Party gradually implemented its policy of apartheid after it had come to power in 1948, the international consequences were only felt in the early 1960s, and this - as well as the Cold War - will throughout the article be taken into account, indicating how it impacted on the country's naval relations.*

## 1. INLEIDING

In 'n vorige artikel[2] is 'n kort historiese oorsig en ontleding verskaf van die vlagvertoonbesoeke wat in die jare vanaf die vestiging van 'n Nederlandse halfwegstasie aan die Kaap in 1652, tot op die vooraand van Republiekwording op 31 Mei 1961 deur buitelandse oorlogskepe (die sogenaamde "grys diplomate") aan Suid-Afrika gebring is. Daar is onder meer vasgestel dat vlagvertoonbesoeke sedert die vestiging van 'n halfwegstasie aan die Kaap in 1652 gereeld plaasgevind het, dat die politieke situasie in Europa (en by name die talle oorloë wat in die loop van die

---

1 Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-posadres: wesselsa. hum@mail.uovs.ac.za. Soms is daar geen bronverwysings nie omdat die outeur self hierdie vaartuie in Durban gesien het, en soms ook aan boord gegaan het. Die outeur wens in besonder die volgende instansies en persone vir hul hulp te bedank ten opsigte van die opspoor van bronne en ontbrekende inligting: S.A. Vlootmuseum (Simonstad) en Simon's Town [dorps-] Museum, asook die Don Africana-biblioteek (Durban); skout-adm (JG) Arné Söderlund; kapt. Bill Rice; mev. Helena Prinsloo (S.A. Media-knipseldiens, Universiteit van die Vrystaat), asook die persone wie se name in voetnote as inligtingsbronne vermeld word.

2 **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 31(1), Junie 2006, pp. 81-98.

17de, 18de en 19de eeu gevoer is) bepaal het watter lande se oorlogskepe die Kaap (en later ook Natal) besoek het, en dat ook die 20ste-eeuse vlagvertoonbesoeke nie begryp kan word sonder kennis van die internasionale situasie nie. Hoewel die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 'n nuwe era van oënskynlik normale vlootkontak ingelui het, het die feit dat die wêreldpolitiek sedert 1945 in die teken van die Koue Oorlog gestaan het, beteken dat Sowjet-oorlogskepe nie Suid-Afrikaanse hawens aangedoen het nie, terwyl oorlogskepe van veral Brittanje, maar ook van Frankryk, soms van die Verenigde State van Amerika (VSA), en ook van ander Westerse lande, kom besoek aflê het - selfs nadat die beleid van apartheid al strenger toegepas is.

In hierdie, die tweede van drie artikels oor buitelandse vlagvertoonbesoeke aan Suid-Afrika, word die buitelandse besoeke van die periode 31 Mei 1961 (republiekwording) tot en met 26 April 1994 (die vooraand van die eerste volwaardige demokratiese verkiesing in Suid-Afrika) in oënskou geneem.[3] Drie fases word onderskei: (1) geleidelike isolasie, 1961-76; (2) feitlik algehele isolasie, 1977-89; en (3) geleidelike hertoetrede tot die internasionale gemeenskap, 1990-4.

Die jare 1961-94 is tot ten minste 1990 deur die Koue Oorlog oorheers en die vlootbesoeke aan die Republiek van Suid-Afrika (RSA) - asook Westerse boikotaksies teen die land - moet teen dié agtergrond beoordeel word. Uiteraard het gebeure in Suid-Afrika, en in besonder die Nasionale Party (NP) se beleid van afsonderlike ontwikkeling (apartheid), 'n geweldige invloed op die land se buitelandse verhoudinge gehad, soos ook die RSA se betrokkenheid sedert 1966 by die bevrydingstryd in Suidwes-Afrika (vandag Namibië), en later ook by die burgeroorlog in Angola, en elders in suidelike Afrika. Hierdie en ander sake van belang sal, waar nodig, verdiskonteer word.

## 2. GELEIDELIKE ISOLASIE, 1961-76

Soos teen die einde van die vorige deel van hierdie studie aangedui is, het die onluste te Sharpeville en elders in 1960, Suid-Afrika se beeld na buite onberekenbare skade berokken. Aangesien die Koue Oorlog aan die begin van die 1960s waarskynlik op sy felste was en die meeste Westerse lande Suid-Afrika as 'n betroubare bewaker van die Kaapse seeroete en as bastion teen kommunisme beskou het, het die meeste van hulle - voorlopig altans - nie militêre bande met Suid-Afrika verbreek nie, selfs nie toe die land op 31 Mei 1961 'n republiek buite die Britse Statebond geword het nie. Dit was egter insiggewend (en van groot simboliese be-

3 Soos in die vorige deel van die studie, word nie op volledigheid aanspraak gemaak nie. Die outeur sal enige inligting ten opsigte van ontbrekende datums en skeepsname, soos ook in verband met ander vlagvertoonbesoeke, hoog op prys stel.

tekenis) dat géén buitelandse oorlogskepe na Suid-Afrika gestuur is om republiekwording te vier nie.

Die VSA was nooit prominent as vlootbesoeker aan Suid-Afrika nie, maar af en toe was daar wel 'n grys diplomaat wat onder die Amerikaanse vlag kom besoek aflê het, soos in Julie 1961 toe die doklandingskip USS **Spiegel Grove**, die tenklandingskip USS **York County**, die torpedojaer USS **Jonas Ingram**, die fregat USS **New** en die aanvullingskip USS **Chewaucan** Kaapstad besoek het (19-29 Julie). Verder het die landingsvaartuie USS **Suffolk County** en USS **Donner** by Kaapstad (12-14 Oktober 1961) en ook by Simonstad en Port Elizabeth besoek afgelê. In November 1961 het, naas eenhede van die Suid-Afrikaanse Vloot (SAV) en die Britse fregatte HMS **Jaguar** en HMS **Leopard**, die duikboot HMS **Amphion** en die aanvullingsskip RFA **Wave Baron**, ook die Amerikaanse torpedojaers USS **Forest Sherman** en USS **Meredith** asook die aanvullingskip **Mattabesset** aan die Cape Exercise (CAPEX) 61 deelgeneem.[4] 'n Ander buitelandse besoeker aan die RSA in 1961 was die Argentynse opleidingskruiser **La Argentina** (Kaapstad, 30 Julie-5 Augustus).[5] In die tweede week van Oktober 1961 het die Portugese fregat **Pacheco Pereira** (wat in Angola gestasioneer was) in Kaapstad aangekom vir opknapping, waarna dit aan die begin van November 1961 via Simonstad na Luanda teruggekeer het.[6] Aan die einde van 1961 het die Franse opleidingskruiser **Jeanne d'Arc** en die fregat **Victor Schoelcher** Kaapstad besoek (27 Desember 1961-3 Januarie 1962).[7] In 1962 het die Amerikaanse ysbreker USS **Glacier** (aankoms: 2 April),[8] die "Courtenay"-klas fregatte, USS **Van Voorhis** en USS **Joseph K Taussig,** Kaapstad besoek.[9] Die nuwe Amerikaanse administrasie van pres. John F Kennedy het egter met verloop van tyd 'n strenger beleid teenoor die RSA geïmplementeer, wat tot militêre boikotte gelei het.[10] Ander buitelandse besoekers aan Suid-Afrika in 1962 was die Britse Antarktiese patrollieskip HMS **Protector** (aankoms Simonstad: 26 Maart)[11] en die Portugese opmetingskip **Carvalho Araujo** (wat ongeveer Junie-Augustus opknapping in Kaapstad ondergaan het).[12]

4 "Reading the past with the African Mirror", NNTV, 23 Oktober 1994; **Kommando** 12(9), September 1961, p. 37 en 12(12), Desember 1961, pp. 57, 59-60.

5 **Kommando** 12(9), September 1961, pp. 37, 39 en 12(12), Desember 1961, pp. 57, 59.

6 S.A. Vlootmuseum (Simonstad), Portuguese Navy (lêer), koerantknipsel.

7 **Kommando** 13(2), Februarie 1962, p. 39.

8 **Ibid**. 13(5), Mei 1962, p. 43.

9 Inligting verskaf deur kapt. Bill Rice, 16 Desember 2005 (e-pos).

10 A van Wyk en J Grobler, "The Kennedy administration and the institution of an arms embargo against South Africa, 1961-1963", **Historia** 46(1), Mei 2001, pp. 109-33.

11 **Kommando** 13(5), Mei 1962, p. 43.

12 **Ibid**. 13(8), Augustus 1962, p. 35.

Vanaf 24 Junie tot 17 Augustus 1963 het die Britse fregatte HMS **Leopard** en HMS **Whitby**, die duikboot HMS **Alliance**, en 'n aanvullingskip, en die Franse fregat **Admiral Charner** saam met eenhede van die SAV aan CAPEX 63 deelgeneem,[13] en in Augustus 1963 het die Italiaanse opleidingskruiser **Raimondo Montecuccoli** Suid-Afrika besoek tydens 'n vaart om Afrika.[14] Vanaf 5-9 Desember 1963 het die Royal Navy (RN) se fregat HMS **Jaguar** 'n welwillendheidsbesoek aan Durban gebring, terwyl die Portugese fregat **Bartolomeu Dias** Durban vanaf 3 Desember 1963 vir herstelwerk aangedoen het.[15] Aan CAPEX 64 het, naas SAV-skepe, ook die Britse fregatte HMS **Lynx** en HMS **Jaguar**, die duikboot HMS **Æneas** en die brandstofaanvullingskip RFA **Wave Chief** deelgeneem.[16]

In 1964 het die sterkste vloottaakmag tot in daardie stadium om die Kaap gevaar. Hoewel hulle nie 'n RSA-hawe besoek het nie (en dus streng gesproke buite die bestek van hierdie studie val) word interessantheidshalwe vermeld dat die taakmag uit drie unieke kernaangedrewe skepe bestaan het: die vliegdekskip USS **Enterprise**, die missiel-kruiser USS **Long Beach** en die missiel-fregat USS **Bainbridge**, wat op 10 Augustus 1964 van wes na oos om die Kaap gevaar het.[17] 'n Grys diplomaat (hoewel haar romp wit geverf is) wat wel in 1964 'n Suid-Afrikaanse hawe (Kaapstad) besoek het, was die Spaanse seilopleidingskip **Juan Sebastian de Elcano**.[18]

Die nuwe Franse helikopterdraer/opleidingskip **Jeanne d'Arc**, het vanaf 24 Februarie tot 1 Maart 1965 saam met die fregat **Victor Schoelcher**, 'n welwillendheidsbesoek aan Durban gebring.[19] Dieselfde maand het die Portugese fregat **Alvares**

---

13 A du Toit, **South Africa's fighting ships past and present** (Rivonia, 1992), pp. 224, 226; Simon's Town [dorps-] Museum, koerantknipselboek; **Kommando** 14(9), September 1963, p. 17.

14 **Navy News/Vlootnuus** 14, Mei 1995, p. 9.

15 **The Natal Mercury**, 3 Desember 1963, p. 20, 5 Desember 1963, p. 27, 6 Desember 1963, p. 11, 7 Desember 1963, p. 21 en 9 Desember 1963, pp. 3, 13. In hierdie periode was die SAV-skepe SAS **Good Hope** (6-7 Desember) en SAS **President Kruger**, SAS **President Steyn**, SAS **Transvaal** en SAS **Pietermaritzburg** (5-9 Desember) ook in Durban en laasgenoemde vier vaartuie het saam met die **Jaguar** na Simonstad gevaar, met oefeninge wat onderweg gedoen is.

16 CH Bennett, **Rear Admiral M.R. Terry-Lloyd** (**Naval Digest** 10, September 2004), p. 26; CH Bennett, ongepubliseerde manuskrip oor die SAV se Tipe 12-fregatte, p. 213.

17 Inligting verskaf deur skout-adm. (JG) AP Burgers, 11 April 2005 (e-pos); **The Cape Argus**, 11 Augustus 1964, p. 13; TW McKnew, "Four-ocean navy in the nuclear age", **The National Geographic Magazine** 127(2), Februarie 1965, pp. 148-9. Twee SAV-skepe het die taakmag sowat 50 seemyl vanaf Saldanhabaai ontmoet en die hoof van die SAV (aan boord van die torpedojaer SAS **Simon van der Stel**) het die taakmagbevelvoerder per helikopter na laasgenoemde skip laat bring vir middagete. Die **Bainbridge** is in 1975 as missiel-kruiser geherklassifiseer.

18 André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), Grys diplomate (lêer): ongeïdentifiseerde koerantknipsel. Kyk ook die eerste deel van hierdie studie vir hierdie skip se vorige besoek aan Suid-Afrika in 1947, hierdie (tweede) deel vir die besoeke van 1971 en 1972, en deel 3 vir die 1996-besoek.

19 **Kommando** 16(4), April 1965, p. 24.

**Cabral** Kaapstad besoek.[20] Ander besoekers aan Simonstad in 1965 was onder meer die Britse brandstofaanvullingskip RFA **Wave Ruler** (arriveer 24 Desember),[21] terwyl die Amerikaanse vliegdekskip USS **Independence** in Mei 1965 om die Kaap gevaar het sonder om 'n hawe te besoek. (Dié skip sou Kaapstad besoek het, maar toe die Suid-Afrikaanse regering laat blyk het dat die vlieëniers van die skip se vliegtuie wat by Ysterplaat-lugmagbasis sou aandoen, verkieslik almal wit moes wees, is besluit om eerder ter see brandstof in te neem.)[22] Hoewel die Simonstad-vlootbasis sedert 2 April 1957 aan die SAV behoort het, het die RN deurlopend 'n fregat aldaar gestasioneer gehou, byvoorbeeld die HMS **Leopard**, HMS **Jaguar** en HMS **Lynx**, en van tyd tot tyd het ander RN-vaartuie ook by Simonstad aangedoen om - ooreenkomstig die Simonstadse Ooreenkoms van 1955 - herstelwerk te ondergaan, en aan die bemanning 'n ruskans te bied. Streng gesproke kan hierdie besoeke deur Britse skepe aan Simonstad nie as vlagvertoonbesoeke beskou word nie, want hulle is daar gestasioneer tot 1967. Om 23:59 op 11 April 1967 is die RN se South Atlantic and South American Command ontbind[23] en was 169 jaar van RN-teenwoordigheid in Suid-Afrika (1795-1803, 1806-1967) in 'n sekere sin verby - voortaan sou RN-skepe slegs op 'n ad hoc-grondslag in Simonstad gestasioneer wees.

Buitelandse besoekers aan Simonstad in 1966 was onder meer die Britse hidrografiese opmetingskip die HMS **Hecla** (arriveer 7 Februarie), die Antarktiese patrollieskip HMS **Protector** (arriveer 29 Maart 1966) en die brandstofaanvullingskip RFS **Wave Baron** (arriveer 9 Augustus).[24] Wat waarskynlik as die mees opspraakwekkende en omstrede vlagvertoonbesoek tot nog toe aan Suid-Afrika beskou kan word, was die besoek van die konvensioneel-aangedrewe Amerikaanse vliegdekskip USS **Franklin D Roosevelt** aan Kaapstad (4-7 Februarie 1967), onderweg vanaf die Verre Ooste (waar die skip langs die kus van Noord-Viëtnam diens gedoen het) op pad terug na die VSA. Die doel was om brandstof in te neem en aan die bemanning ruskans te bied. Swart politici en andere in die VSA was gekant teen die besoek. Hoewel die Suid-Afrikaanse regering geen voorwaardes ten opsigte van die besoek gestel nie, het die Amerikaanse Departement van Verdediging dit nodig geag om die dag vóór die skip se aankoms in Kaapstad, 'n verklaring uit te reik waarin dit gestel is dat indien die ongeveer 400 swart bemanningslede (uit 'n totale bemanning van ongeveer 3 500) nie op land soos die

[20] **Navy News/Vlootnuus**, Desember 1982, p. 10. Kyk ook die eerste deel van hierdie studie vir hierdie skip se besoek aan Kaapstad in Mei-Junie 1960.

[21] André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), Grys diplomate (lêer): List of ships visiting Simon's Town 1965-1978, compiled by Mr WD (Bill) Jones [Hierna verwys as die Jones-manuskrip], p. 1. 'n Afskrif van hierdie dokument is goedgunstiglik deur skout-adm. (JG) Arné Söderlund aan die outeur beskikbaar gestel.

[22] **Die Burger**, 10 November 1994, p. 15.

[23] **Naval News Summary** 236, Mei 1967, p. 1.

[24] Jones-manuskrip, p. 1.

blanke bemanningslede behandel sou word, niemand toegelaat sou word om aan land te gaan nie. Politieke geknoeiery agter die skerms het uiteindelik daartoe gelei dat verlof aan bemanningslede om aan wal te gaan deur hul bevelvoerder gekanselleer is. Sowat tien dae later het die VSA-regering gevra dat die satellietopsporingskip USS **Sword Knot** (met 11 swart persone onder die bemanning) toegelaat word om in Durban vas te meer, waarop die Suid-Afrikaanse regering toestemming verleen het, op voorwaarde dat Suid-Afrikaanse (apartheids-)wette gehoorsaam moes word. Soos verwag kon word, is die **Sword Knot** se besoek gekanselleer.[25] Die volgende VSA-vlagvertoonbesoek aan die RSA het eers in 1994 plaasgevind. (Kyk deel 3 van hierdie studie.)

Tradisioneel tree oppervlakvaartuie as grys diplomate op, maar duikbote (wat gewoonlik swart geverf is) kan ook vir dié doel aangewend word. So byvoorbeeld het die RN-duikboot HMS **Æneas** Simonstad in die eerste helfte van 1967 besoek.[26] In Junie 1967 het 'n RN-taakmag bestaande uit die groot torpedojaer HMS **Kent**, die fregat **Arethusa** en die aanvullingskip RFA **Olynthus** die Kaap besoek. Die torpedojaer en aanvullingskip het op 12 Junie in Kaapstad vasgemeer, terwyl die fregat Simonstad (vertrek weer 17 Junie) besoek het. (Die taakmag was vanaf Singapoer via die Kaap, Tristan da Cunha en Suid-Amerika onderweg terug na Brittanje.)[27] Die Sesdaagse Oorlog tussen Israel en die Arabiere (5-10 Junie 1967) het tot die sluiting van die Suez-kanaal gelei, en totdat dit eers weer op 5 Junie 1975 oopgestel is, moes alle Suez-skeepsverkeer via die Kaapse seeroete herlei word. Dìt het beteken dat in die jare 1967-75 daar ook weer meer oorlogskepe om die kus van Suid-Afrika gevaar het, al het almal nie noodwendig hul landsvlag in een of meer RSA-hawe kom vertoon nie. Ander besoekers aan Simonstad in 1967 (slegs aankomsdatums word verskaf) was die Britse fregatte HMS **Ashanti** (26 Junie), HMS **Cleopatra** (28 Junie) en HMS **Leopard** (30 Junie); die torpedojaer HMS **Cavalier** (6 Julie); die voorradeskip RFA **Hebe** (10 Julie); die fregat **Brighton** (12 Julie); die voorradeskip RFA **Bacchus** (13 Julie); die fregatte **Troubridge** (24 Julie) en HMS **Falmouth** (31 Julie); die brandstofaanvullingskip RFA **Wave Ruler** (31 Julie); die duikboot HMS **Oberon** (7 Augustus); die torpedojaer HMS **Daring** (9 Augustus); die fregatte HMS **Chichester** (10 Augustus) en HMS **Gurkha** (14 Augustus); die voorradeskip RFA **Bacchus** (5 September); die fregat HMS **Phoebe** (19 September); die duikboot HMS **Ambush** (25 September); die opnameskip HMS **Vidal** (2 Oktober); die fregat HMS **Eskimo** (4 Oktober); die torpedojaers HMS **Barrosa** (4 Oktober) en HMS **London** (20 Oktober); die fregat HMS **Nubian** (6 November); die torpedojaer HMS **Cambrian** (6 November); die fregatte HMS **Relentless** (7 November) en HMS **Tartar**

25 **Die Burger**, 10 November 1994, p. 15.
26 **SA Navy News/Vlootnuus** 1(12), Junie 1967, p. 16.
27 **Naval News Summary** 252, September 1967, p. 14.

(29 November); die torpedojaer HMS **Devonshire** (18 Desember) en die fregat HMS **Euryalus** (22 Desember).[28]

Nadat Suid-Rhodesië op 11 November 1965 onder leiding van mnr. Ian Smith eensydig onafhanklik geword het, het die Britse regering die sogenaamde Beira Patrol ingestel en is RN-skepe gebruik om die Mosambiekse kus te patrolleer ten einde te probeer voorkom dat olie via dié Portugese kolonie se hawens na Rhodesië uitgevoer word.[29] In die praktyk het Rhodesië olie vanaf Suid-Afrika bekom (wat onder meer via Durban ingevoer is), en het talle Beira Patrol-skepe ook Suid-Afrikaanse hawens (veral Durban!) besoek om voorrade en brandstof in te skeep en/of aan bemannings ruskans te bied. Een van dié RN-skepe was die torpedojaer HMS **Dainty** wat Simonstad in Februarie 1968 besoek het, en weer vanaf 25 September 1968.[30] Die tweede vlootvaartuig van 'n Asiatiese land wat 'n Suid-Afrikaanse hawe besoek het, was die Pakistanse duikboot **Ghazi** (voormalige VSA-duikboot USS **Diablo**), wat vanaf 28 Maart tot begin April 1968 in Simonstad was.[31]

Ander besoekers aan Suid-Afrika in 1968 was die RN-vliegdekskip HMS **Hermes** (twee besoeke aan Kaapstad), die RN-vliegdekskip HMS **Eagle** (Kaapstad, Mei-Junie 1968) wat op 31 Mei 'n kanonsaluut ter ere van Suid-Afrika se Republiekdag afgevuur het;[32] die nuwe Australiese "Oberon"-klas duikboot HMAS **Otway** wat Kaapstad (arriveer einde Julie 1968), Simonstad (arriveer 27 Augustus 1968), Port Elizabeth en Durban op sy afleweringsvaart vanaf Portsmouth na Sydney besoek het;[33] die Brasiliaanse opleidingskip (gewese transportskip) **Custódio de Mello** (Kaapstad, 16-20 Augustus 1968);[34] en die Britse vliegdekskip HMS **Hermes** (twee besoeke aan Kaapstad)[35] - terwyl die kernaangedrewe Britse duikboot HMS **Warspite** om die Kaap gevaar het sonder om 'n hawe te besoek.[36] Afgesien van die skepe waarna reeds verwys is, het 'n groot aantal ander Britse skepe ook in die loop

---

28 Jones-manuskrip, pp. 1-2.

29 FEC Gregory, "The Beira Patrol", **The Royal United Service Institution Journal** 114(656), Desember 1969, pp. 75-7.

30 B Rice, **The Royal Navy in South Africa 1900-2000** (Liskeard, 2001), p. 111; Jones-manuskrip, p. 3.

31 **SA Navy News/Vlootnuus** 2(11), 1968, p. 17; **Navy News/Vlootnuus** 11, Junie 1992, p. 6. Volgens knipsels in 'n Simon's Town [dorps-] Museum knipselboek, was die duikboot onderweg na Turkye. Die eerste besoek aan Suid-Afrika deur 'n Asiatiese vlootvaartuig, was dié van die Pakistanse fregat **Tippu Sultan** in 1956.

32 **Navy News/Vlootnuus** 11, Junie 1992, p. 6.

33 Inligting verskaf deur mnr. Vic Jeffery, 12 April 2005 (e-pos), mnr. Peter Reid, 27 April 2005 (e-pos) en skout-adm. (JG) Arné Söderlund, 7 Maart 2005. Australië se vyf ander nuwe "Oberon"-klas duikbote het óf via die Suez-kanaal (een) óf via die Panama-kanaal (vier) na Sydney gevaar.

34 André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), Grys diplomate (lêer): Fotokopie van program in verband met besoek.

35 **Naval News Summary** 270, Maart 1969, p. 9; Simon's Town [dorps-] Museum, koerantknipselboek.

36 **Naval News Summary** 259, April 1968, pp. 9-10.

van 1968 by Simonstad aangedoen (meestal word slegs aankomsdatums verskaf): die fregat HMS **Minerva** (2 Januarie); die voorradeskip RFA **Bacchus** (2 Januarie); die torpedojaer HMS **London** (12 Januarie); die fregat HMS **Galatea** (5 Februarie); die torpedojaers HMS **Carysfort** (6 Februarie), HMS **Defender** (6 Februarie) en HMS **Caprice** (15-22 Februarie); die fregat HMS **Ajax** (19 Februarie); die mynveër HMS **Woolaston** (27 Februarie); die fregat HMS **Puma** (27 Februarie), die brandstofaanvullingskip RFA **Wave Ruler** (28 Februarie); die mynveër HMS **Puncheston** (13 Maart); die voorradeskip RFA **Hebe** (14 Maart); die fregatte HMS **Gurkha** (11 April), HMS **Eskimo** (16 April) en HMS **Aurora** (23 April); die torpedojaer HMS **Cavalier** (3 Mei); die fregat HMS **Troubridge** (6 Mei); die brandstofaanvullingskip RFA **Brambleleaf** (17 Mei); die fregat HMS **Grenville** (21 Mei); die torpedojaers HMS **Diana** (21 Mei) en HMS **Daring** (7 Junie); die fregatte HMS **Zest** (10 Junie) en HMS **Phoebe** (27 Junie); die torpedojaers HMS **Barrosa** (2 Julie) en HMS **Cambrian** (2 Julie); die fregat HMS **Dido** (31 Julie); die torpedojaer HMS **Devonshire** (20 Augustus); die fregat HMS **Leander** (27 Augustus); die duikboot HMS Æ**neas** (3 September); die fregat HMS **Tartar** (4 September); die opmetingskip HMS **Vidal** (16 Oktober); die torpedojaer HMS **Carysfort** (17 Oktober); die brandstofaanvullingskip RFA **Tidesurge** (31 Oktober); die fregat HMS **Danae** (20 November); die torpedojaer HMS **Decoy** (21 November); die fregat HMS **Naiad** (25 November); die torpedojaer HMS **Defender** (27 November); die mynveërondersteuningsvaartuig HMS **Manxman** (29 November-2 Desember) en die fregatte **Cleopatra** en HMS **Lincoln** (4 Desember).[37]

Die jaar 1969 was ook 'n besige vlagvertoonjaar. In Februarie het die torpedojaer HMS **Glamorgan** Simonstad besoek (arriveer 14 Februarie);[38] dan was daar die South African Naval Exercise (SANEX) 69 (September 1969) waaraan die RN-fregatte HMS **Lincoln**, HMS **Cleopatra** en HMS **Galatea**, die duikbote HMS **Ambush** en HMS **Finwhale**, en die opmetingskepe HMS **Beagle** en HMS **Bulldog**, saam met eenhede van die SAV deelgeneem het.[39] Die RN-torpedojaer HMS **Dainty** was in die laaste week van Junie 1969 in Simonstad, onderweg terug na Brittanje na afloop van diens aan die ooskus van Afrika as deel van die Beira Patrol;[40] die Franse mynveër **Etoile Polaire** was 13-17 November in Kaapstad;[41] en die Portugese fregat **Alvares Cabral** was vanaf 9 November 1969 in Simonstad[42] (kyk ook sy besoek aan Kaapstad, Februarie 1965, waarna reeds verwys is). Hierbenewens het die Britse voorradeskip, RFA **Hebe**, wat voorrade na oorsese

37 Jones-manuskrip, pp. 2-3.
38 **Navy News/Vlootnuus** 11, Junie 1992, p. 6; Jones-manuskrip, p. 3.
39 Rice, p. 112. Hierdie skepe en duikbote het almal in Augustus-September een of twee keer in Simonstad vasgemeer. Jones-manuskrip, p. 3.
40 Rice, p. 111. Volgens die Jones-manuskrip, p. 3, het die skip op 7 Julie in Simonstad aangekom.
41 André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), Grys diplomate (lêer): Fotokopie van program.
42 Rice, p. 100.

Britse basisse vervoer het, Simonstad in November 1969 besoek.[43] Ander Britse skepe wat Simonstad in die loop van 1969 besoek het (slegs aankomsdatums word verskaf) was die fregat HMS **Ajax** (2 Januarie); die brandstofaanvullingskip RFA **Wave Baron** (10 Januarie); die fregat HMS **Argonaut** (18 Februarie); die mynveërs HMS **Brinton** (14 Maart), HMS **Gavinton** (28 April) en HMS **Burnaston** (28 April); die torpedojaer HMS **London** (5 Mei); die mynveër HMS **Appleton** (9 Mei); die torpedojaer HMS **Diamond** (28 Mei); die fregatte HMS **Leander** (6 Junie), HMS **Rothesay** (28 Julie) en HMS **Nubian** (29 Julie); die torpedojaer HMS **Decoy** (5 Augustus); die brandstofaanvullingskip RFA **Wave Baron** (13 Augustus); die fregatte HMS **Lynx** (21 Augustus), HMS **Andromeda** (19 September) en HMS **Whitby** (19 September); die opnameskip HMS **Vidal** (12 November); die fregatte HMS **Plymouth** en HMS **Chichester** (18 November); die hidrografiese opmetingskip HMS **Hydra** (25 November); die fregatte HMS **Juno** (7 Desember), HMS **Zulu** (3 Desember) en HMS **Euryalus** (17 Desember) en die brandstofaanvullingskip RFA **Wave Chief** (22 Desember).[44]

Vanaf 27 Mei tot 4 Junie 1970 was die RN-fregat HMS **Tartar** in Simonstad[45] en op 29 Julie 1970 het die Britse duikboot HMS **Oberon** in Simonstad aangekom.[46] In die lig van die groeiende internasionale isolasie waarmee die RSA al meer moes rekening hou, het die regering nuwe vriende in die internasionale gemeenskap gesoek. Die olieryke Iran (met die Sjah as alleenheerser) was 'n welkome nuwe vriend met wie veral ekonomiese (olie-)bande gesmee is. 'n Uitvloeisel van dié betrekkinge was die besoeke wat Iranse oorlogskepe aan Suid-Afrika gebring het, byvoorbeeld die torpedojaer **Artemiz** wat Simonstad vanaf 17 Junie 1970 besoek het, onderweg vanaf Brittanje na Iran, nadat hy deur die Iranese van die RN gekoop is[47] (kyk ook 1973- en 1974-besoeke, **infra**). Die Nederlandse fregatte **Van Speijk** en **Van Galen** het Kaapstad 17-21 Julie 1970 besoek.[48] Omstreeks 1970 het die Britse "commando carriers" HMS **Albion** en HMS **Bulwark** en die herstelskip RFA **Rame Head** afsonderlike besoeke aan Durban gebring. En dan was daar die Britse brandstofaanvullingskip RFA **Tideflow** wat Kaapstad in September 1970 besoek het.[49]

'n Ander besoeker aan die RSA in 1970 was 'n Franse "Daphné"-klas duikboot.[50] Verder het die volgende Britse skepe Simonstad in die loop van 1970 besoek

---

43 **Ibid**., p. 113.
44 Jones-manuskrip, pp. 3-5.
45 Rice, p. 114. Volgens die Jones-manuskrip, p. 5 het die skip eers op 5 Junie aangekom.
46 Rice, p. 115.
47 JC Goosen (samesteller), **Ons vloot: die eerste vyftig jaar** (Kaapstad, 1973), p. 199.
48 S.A. Vlootmuseum, Netherlands frigates (lêer): program van besoek.
49 André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), Grys diplomate (houer met kaartjies): Inligting afgelei van 'n poskaart van die **Tideflow** wat die Kaapstadse hawe verlaat.
50 **Paratus** 45(4), April 1994, p. 18.

(meestal word slegs aankomsdatums verskaf): torpedojaer HMS **London** (21 Januarie); fregatte HMS **Phoebe** (12 en weer 16 Maart), HMS **Yarmouth** (23 Maart) en HMS **Rothesay** (9 April); die opmetingskepe HMS **Beagle** en HMS **Bulldog** (16-20 April); die torpedojaer HMS **Fife** (22 April); die opmetingskip HMS **Vidal** (22-28 April); die voorradeskip RFA **Bacchus** (29 April); die fregatte HMS **Nubian** (6 Mei), HMS **Galatea** (5 Junie) en HMS **Minerva** (18 Junie); die brandstofaanvullingskip RFA **Wave Chief** (1 Julie); die fregat HMS **Andromeda** (10 Julie); die voorradeskip RFA **Bacchus** (17 Julie en 11 November); die fregat HMS **Llandaff** (21 Julie); die duikboot HMS **Cachalot** (3 Augustus); die fregatte HMS **Aurora** (5 Augustus), **Euryalus** (7 Augustus), HMS **Ashanti** (22 Augustus), HMS **Plymouth** en HMS **Chichester** (11 September), HMS **Eskimo** (27 September), HMS **Dido** (5 Oktober) en HMS **Naiad** (5 November); die brandstofaanvullingskip RFA **Blue Rover** (11 November); die fregatte HMS **Phoebe** en HMS **Hermione** (20 November), HMS **Puma** en HMS **Salisbury** (2 Desember); die opmetingskip HMS **Vidal** (4 Desember) en brandstofaanvullingskip RFA **Green Rover** (8 Desember).[51]

In 1971 het die Italiaanse fregat **Carabiniere** Kaapstad (18-23 Maart) en Durban besoek.[52] 'n Ander buitelandse besoeker aan Suid-Afrika in die eerste paar maande van 1971 was die Japanse Antarktiese ondersteuningsvaartuig en ysbreker **Fuji**, en in Junie 1971 het die RN-vliegdekskip HMS **Eagle** Kaapstad besoek.[53] Aan SANEX 71 het, naas eenhede van die SAV, ook die RN se duikboot HMS **Oberon**, die fregatte HMS **Cleopatra** (vanaf 7 Oktober en weer vanaf 26 Oktober in Simonstad) en HMS **Juno** (8 Oktober) en die brandstofaanvullingskip RFA **Tidesurge** deelgeneem.[54] Daarna was die **Oberon** vanaf 26 Oktober vasgemeer en vanaf 30 Oktober - 9 November 1971 in die droogdok in Simonstad om herstelwerk te ondergaan.[55] Nog besoekers aan Suid-Afrika in 1971 was die Portugese ligte fregat **General Pereira d'Eca** (arriveer in Simonstad op 19 Julie 1971),[56] en die Spaanse seilopleidingskip **Juan Sebastian de Elcano** (Kaapstad)[57] - kyk ook dié skip se besoeke van 1947, 1964, 1971, 1972 en 1996. Vanaf 22 Desember 1971 tot 4 Januarie 1972 het 'n RN-taakmag bestaande uit die vliegdekskip HMS **Eagle**, fregat HMS **Argonaut** en brandstofaanvullingskip RFA **Olna** Durban besoek,[58] en vanaf 9-12 Desember 1971 was die Franse fregat **Protet** in Kaapstad.[59]

---

51 Jones-manuskrip, pp. 5-6; Simon's Town [dorps-] Museum, koerantknipselboeke.
52 André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), Grys diplomate (lêer): Fotokopie van program in verband met besoek aan Kaapstad.
53 **Navy News/Vlootnuus**, Desember 1982, p. 10.
54 Du Toit, p. 227.
55 Rice, p. 115; Jones-manuskrip, p. 7.
56 Jones-manuskrip, p. 7.
57 **Die Burger**, 6 April 1996, p. 3.
58 **The Natal Mercury**, 23 Desember 1971, p. 3 en 4 Januarie 1972, p. 8.
59 S.A. Vlootmuseum, French visiting ships (lêer).

'n Groot aantal ander Britse oorlogskepe het ook in die loop van 1971 by Simonstad aangedoen (slegs aankomsdatums word verskaf): die fregatte HMS **Minerva** (27 Januarie), HMS **Juno** (11 Februarie) en HMS **Lynx** (22 Februarie); die voorradeskepe RFA **Hebe** (2 Maart) en RFA **Bacchus** (12 Maart); die fregat HMS **Argonaut** (18 Maart); die brandstofaanvullingskip RFA **Wave Chief** (19 Maart); die fregat HMS **Ashanti** (2 April); die brandstofaanvullingskip RFA **Orangeleaf** (13 April); die fregatte HMS **Danae** en HMS **Achilles** (15 April); die voorradeskip RFA **Bacchus** (26 April); die opmetingskepe HMS **Beagle** en HMS **Bulldog** (26 April); die fregatte HMS **Aurora** en HMS **Llandaff** (30 April); die fregatte HMS **Jaguar** (3 Junie), HMS **Eskimo** (4 Junie) en HMS **Gurkha** (6 Junie); die voorradeskip RFA **Reliant** (17 Junie); die fregatte HMS **Dido** (25 Junie) en HMS **Arethusa** (6 Julie); die voorradeskepe RFA **Hebe** (13 Julie en 21 September) en RFA **Bacchus** (17 Julie en 28 November); die fregatte HMS **Naiad** (26 Julie) en HMS **Minerva** (18 Augustus); die brandstofaanvullingskip RFA **Pearleaf** (20 Augustus); die fregat HMS **Salisbury** (3 September); die brandstofaanvullingskip RFA **Bayleaf** (12 September); die mynveërs HMS **Weston** en HMS **Puncheston** (27 September), HMS **Brereton**, HMS **Brinton** en HMS **Gavinton** (al drie gebruik as patrolliebote te Hong Kong as deel van die sogenaamde "Dragon Squadron"), HMS **Hubberston** (mynjagter), HMS **Maxton** en HMS **Bossington** (4 November; nadat hulle ook eers by Durban aangedoen het - almal onderweg terug na Brittanje); die brandstofaanvullingskip RFA **Plumleaf** (10 November); die fregat HMS **Zulu** (18 November); die torpedojaer HMS **Glamorgan** (3 Desember); die voorradeskip RFA **Hebe** (14 Desember) en die hidrografiese opmetingskip HMS **Hydra** (17 Desember).[60]

Vanaf 9 Maart 1972 het twee Franse fregatte (insluitende die **Commandant Bory**) Simonstad besoek.[61] Die HMY **Britannia**, vanaf 1954-97 die Britse koninklike gesin se groot luukse jag waarmee hulle ongeveer 950 amptelike vaarte onderneem en 'n totaal van byna 1 100 000 seemyl gevaar het, het op 4 April 1972 in Simonstad aangekom om brandstof in te neem - daar was by dié geleentheid geen koninklikes aan boord nie.[62] In April het die Franse helikopterdraer/opleidingskip **Jeanne d'Arc** weer eens besoek afgelê,[63] en in Junie 1972 was die Spaanse seilopleidingskip **Juan Sebastian de Elcano** weer in Kaapstad (ongeveer 20-25 Junie), nadat dit hierdie keer ook Valsbaai besoek het.[64] Vanaf 28 Junie tot begin

---

60 Jones-manuskrip, pp. 6-8.

61 S.A. Vlootmuseum, los lêer: Abbreviated history of SAN submarine branch 1965-1988 (getikte manuskrip), p. 11.

62 **Navy News/Vlootnuus** 14, April 1995, p. 12; Jones-manuskrip, p. 8; Rice, p. 118. Kyk ook André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), Leith (lêer): **Britannia: the Royal Yacht revealed** (brosjure).

63 S.A. Vlootmuseum, los lêer: Abbreviated history of SAN submarine branch 1965-1988 (getikte manuskrip), p. 11.

64 **Ibid**., p. 13.

Julie 1972 was die nuwe Britsgeboude Iranse fregatte **Saam** (later herdoop tot **Alvand**) en **Zaal** (later herdoop tot **Alborz**) in Simonstad,[65] waarna hulle ook Durban besoek het - op hul afleweringsvaart. In Julie-Augustus 1972 het die Franse fregatte **Le Brestois** en **Le Bourguignon**, asook die patrollieboot **La Combattante**, Kaapstad, Simonstad en Durban besoek.[66] Vanaf 24-26 Augustus 1972 het die Franse fregatte **Le Provençal** en **Le Picard** Simonstad besoek,[67] en ook 'n besoek aan Durban gebring. Op 6 November het die Franse fregat **Le Lorrain** in Simonstad aangekom en op 22 November was die **Le Bourguignon** ook weer in Simonstad. Die Franse sperboomvaartuig **Fourmi** het Simonstad besoek (arriveer 25 September),[68] asook Durban. Vanaf 9-13 November 1972 het die Belgiese bevels- en ondersteuningskip **Zinnia** Kaapstad besoek.[69] Ander grys diplomate wat RSA-hawens in 1972 besoek het, was die Britse fregatte HMS **Berwick** (Durban)[70] en HMS **Brighton** (Durban, ongeveer 17-26 Desember 1972),[71] die brandstofaanvullingskip RFA **Tidepool** (Durban, 20 Desember 1972 - 6 of 7 Januarie 1973)[72] en die fregatte HMS **Yarmouth** en HMS **Lowestoft** (arriveer 13 Oktober, Simonstad),[73] die torpedojaer HMS **Devonshire** en fregat HMS **Lincoln** (Kaapstad, ongeveer 20 Desember 1972 - nuwejaar 1973).[74]

Hoewel daar geen groot SANEX in 1972 was nie, het eenhede van die SAV en SALM in die loop van die jaar vir 26 dae aan 'n hele reeks kleiner maneuvers (mini-SANEX'e) met 'n totaal van tien RN-fregatte en een RFA-aanvullingskip deelgeneem,[75] insluitende die meeste RN/RFA-vaartuie waarna hierbo verwys is, en met sommige van die volgende vaartuie wat in die loop van 1972 by Simonstad aangedoen het (meestal word slegs aankomsdatums verskaf): die fregatte HMS **Minerva** en **Gurkha** (10 Januarie); die duikboot HMS **Finwhale** (15 Januarie); die fregatte HMS **Diomede**, HMS **Londonderry** en HMS **Rothesay** (26 Januarie) en HMS **Achilles** (11 Februarie); die mynveërs HMS **Wolverton**, HMS **Wasperton** en HMS **Monkton** (17 Februarie); die voorradeskip RFA **Hebe** (28 Februarie); die bergingsleepboot RFA **Typhoon** (1 Maart); die fregatte HMS **Yarmouth** (2 Maart), HMS **Jaguar** (16 Maart) en HMS **Lowestoft** (14 April); die brandstof-

65 **Ibid**.
66 **Navy News/Vlootnuus** 11, Junie 1992, p. 6.
67 S.A. Vlootmuseum, los lêer: Abbreviated history of SAN submarine branch 1965-1988 (getikte manuskrip), p. 16.
68 Jones-manuskrip, p. 9.
69 André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), Grys diplomate (lêer): Fotokopie van program in verband met besoek.
70 **The Mercury**, 18 Desember 1996, p. 1.
71 **The Natal Mercury**, 18-27 Desember 1972, verskeie bladsye.
72 **Ibid**., 19 Desember 1972 - 6 Januarie 1973, verskeie bladsye.
73 Inligting verskaf deur kdoor. Stephen Saunders (red., **Jane's fighting ships**), 7 Desember 2000 (e-pos).
74 **The Natal Mercury**, 21 Desember 1972-4 Januarie 1973, verskeie bladsye; Jones-manuskrip, p. 9.
75 Du Toit, p. 229.

aanvullingskip RFA **Orangeleaf** (14 April); die fregatte HMS **Arethusa** (29 April en 21 Augustus), en HMS **Lincoln** en die torpedojaer HMS **Devonshire** (8 Junie); die brandstofaanvullingskip RFA **Gold Ranger** (20 Junie); die fregatte HMS **Cleopatra** en HMS **Falmouth** (22 Junie); die mynveërs HMS **Sheraton** en HMS **Kirkliston** (7 Julie; nadat hulle eers by Durban aangedoen het - die oorblywende lede van die "Dragon Squadron", onderweg terug na Brittanje vanaf Hong Kong); die fregatte HMS **Euryalus** en HMS **Whitby** (26 Julie), HMS **Diomede** en HMS **Rothesay** (11 Augustus), HMS **Charybdis** (12 Augustus), HMS **Londonderry** (1 September), en HMS **Andromeda** en HMS **Lynx** (27 September); die opmetingskepe HMS **Bulldog** en HMS **Beagle** (12-6 Oktober); die voorradeskip RFA **Bacchus** (13 Oktober); die logistieke landingskip RFA **Sir Lancelot** (30 Oktober); die brandstofaanvullingskip RFA **Orangeleaf** (6 November); die fregat HMS **Euryalus** (23 November); die voorradeskip RFA **Bacchus** (5 Desember) en die fregat HMS **Brighton** (6 Desember).[76] Laasgenoemde skip het ook Durban besoek. In die tydperk onder bespreking (1961-94) was 1972 dus die besigste jaar wat betref buitelandse vlagvertoonbesoeke aan die RSA.

Talle nie-Britse oorlogskepe het Simonstad in die loop van 1973 besoek (meestal word slegs aankomsdatums verskaf): vanaf Frankryk was daar die sperboomvaartuig **Fourmi** (16-9 April, nadat dit vanaf 10 April in Durban was); die fregat **Commandant Bourdais** (25 Mei); die fregatte **Le Gascon** en **Le Bearnais** (21 Junie; wat ook Durban saam met die fregat **Le Lorrain** besoek het); die landingskepe **Bidassoa** (25 Junie en 29 Oktober) en **Argens** (5 Julie); die sperboomvaartuig **Scarabée** (5 Julie; wat ook Durban besoek het); op 5 Junie het vier Maleisiese missieldraende aanvalsvaartuie (**Perdana**, **Serang**, **Ganas** en **Ganyang**) onderweg vanaf Frankryk (waar hulle gebou is) op hul nooiensvaart (afleweringsvaart) in Simonstad aangekom; en op 12 of 13 Junie 1973 het die Iranse torpedojaer **Artemiz** vir 'n tweede besoek te Simonstad aangekom, waarna dié skip na Kaapstad is (aankoms 28 Junie) om deur Globe Engineering opgeknap te word.[77]

In Julie 1973 het 'n groot RN-taakmag, bestaande uit die kernaangedrewe duikboot HMS **Dreadnaught** (na Simonstad), die helikopterdraende kruiser HMS **Tiger** (na Kaapstad), die fregatte HMS **Dido**, HMS **Hermione** en HMS **Mohawk** en ondersteuningsvaartuie RFA **Stromness**, RFA **Regent** en RFA **Tidespring** (vier van hierdie fregatte en ander vaartuie na Kaapstad), Suid-Afrikaanse waters besoek om aan maneuvers met eenhede van die SAV en SALM deel te neem. Dit was die eerste keer dat 'n kernduikboot 'n Suid-Afrikaanse hawe (aankoms in Simonstad: 3 Julie) besoek het. Vanaf Suid-Afrika het die taakmag na die Verre Ooste gevaar.

76 Jones-manuskrip, pp. 8-9.
77 **Ibid**., p. 10; inligting verskaf deur kapt. Bill Rice, 12 Februarie 2006 (e-pos); S.A. Vloomuseum, los lêer: Abbreviated history of SAN submarine branch 1965-1988 (getikte manuskrip), p. 25.

In November 1973 het dieselfde taakmag, asook die fregat HMS **Rhyl**, onderweg terug vanaf die Verre Ooste, weer eens Suid-Afrikaanse waters besoek en met eenhede van die SAV en SALM aan maneuvers deelgeneem.[78] Tydens dié besoek het die HMS **Dreadnaught** Simonstad by twee geleenthede binnegevaar (16 en 30 November; vertrek weer op 3 Desember 1973).[79]

Aan die einde van Augustus 1973 was die RN se torpedojaer HMS **Antrim** (22-28 Augustus) en die fregat HMS **Jupiter** (24-27 Augustus), asook die brandstof-aanvullingskip RFA **Tidesurge** (22-28 Augustus), in Durban,[80] en in die loop van 1973 ook die Franse brandstofaanvullingskip **La Charente**. Vroeër, op 4 Augustus 1973, het die **Jupiter** Simonstad binnegegaan en op 31 Augustus het die **Antrim** in Simonstad aangekom.[81] Ander Britse skepe wat Simonstad in die loop van 1973 besoek het (slegs aankomsdatums word verskaf) was die fregatte HMS **Mohawk** (15 Januarie), HMS **Chichester** (12 Februarie), HMS **Charybdis** en HMS **Whitby** (2 Maart), HMS **Apollo** en HMS **Rhyll** (18 April), HMS **Lynx** en HMS **Andromeda** (4 Mei); die brandstofaanvullingskepe RFA **Plumleaf** (8 Junie) en RFA **Pearleaf** (22 Augustus); die voorradeskip RFA **Bacchus** (9 Oktober) en weer eens die fregat HMS **Rhyll** (16 en 30 November).[82]

Op 11 Maart 1974 het 'n Israeliese vragskip by Simonstad aangekom. In die loop van dié jaar het ses Israeliese missieldraende aanvalsvaartuie, wat vanaf Haifa in die Middellandse See na Eilat in die Golf van Akaba herontplooi is (via die Kaapse seeroete, omdat die Suezkanaal nog gesluit was) in drie pare om die Kaap gevaar en ten minste vier (en waarskynlik al ses) het "klandestiene" besoeke aan Walvis-baai en Simonstad gebring: **Reshef** en **Keshet** (arriveer in Simonstad op 2 Oktober 1974), **Romah en Kidon**, **Haifa** en **Akko**. Ten minste twee van hulle het ook by Durban aangedoen. Hulle het almal vanaf Haifa in die Middellandse See om die Kaap na Sharm el Sheikh in die Rooi See gevaar - voorwaar epiese vaarte vir sulke klein skepe, wat getuig van hulle seevaardigheid. (Twee van die vaartuie hou steeds die rekord vir die vinnigste vaart vir die 824 seemyl vanaf Kaappunt na Durban, naamlik 22 uur.) Gevolglik het Suid-Afrika drie "Reshef" (Saar 4)-klas skepe van Israel bestel en later is nog ses soortgelyke skepe in Durban vir die SAV gebou.[83] Die Duitse opleidingskip **Deutschland** het in 1974 'n nie-amptelike besoek van vyf

78 Jones-manuskrip, p. 10; Du Toit, pp. 229-30.
79 Jones-manuskrip, p. 10; S.A. Vlootmuseum, los lêer: Abbreviated history of SAN submarine branch 1965-1988 (getikte manuskrip), pp. 34, 36.
80 **The Natal Mercury**, 21 Augustus 1973, p. 6 en 27 Augustus 1973, p. 3.
81 Jones-manuskrip, p. 10.
82 Jones-manuskrip, pp. 9-10.
83 R Sharpe (red.), **Jane's fighting ships 1995-96** (Coulsdon, 1995), p. 336; Du Toit, p. 298; TD Potgieter, "Another apartheid dillemma: corvettes for the South African Navy", **New Contree** 47, September 2000, p. 95; **The Mercury**, 19 November 2003, p. 6; Jones-manuskrip, p. 11.

dae aan Simonstad (15-19 Maart) gebring.[84] In April 1974 het die Franse helikopterdraer/opleidingskip **Jeanne d'Arc** weer eens 'n besoek aan Suid-Afrika gebring toe dié vaartuig, vergesel van die torpedojaer **Forbin**, vyf dae lank in Kaapstad vertoef het.[85] Nadat hul susterskepe **Saam** en **Zaal** Suid-Afrika in 1972 besoek het (kyk **supra**), het die Iranse Vosper Mk5-fregatte **Fararmarz** (later herdoop tot **Sahand**, en op 18 April 1988 deur die VSA-vloot gekelder) en **Rostam** (later herdoop tot **Sabalan**) Suid-Afrika in 1974 besoek op hul afleweringsvaart (arriveer in Simonstad op 5 Maart). Die SAV se brandstofaanvullingskip SAS **Tafelberg** het dié twee vaartuie vervolgens noordwaarts in die Indiese Oseaan tot by die ewenaar vergesel om hulle van brandstof te voorsien.[86] Vanaf ongeveer die middel van 1974 was die Iranse torpedojaer **Artemiz** weer in Suid-Afrika, waar die skip in Kaapstad 'n omvangryke modernisering ondergaan het, waarna dit ook Simonstad en Durban besoek het. Toe die skip in Oktober 1974 na Iran teruggekeer het, het die SAV se SAS **Tafelberg**, saam met die fregat SAS **President Steyn**, dit tot by die ewenaar vergesel.[87] Intussen het die nuwe Iranse logistieke landingskip **Hengtam**, op sy afleweringsvaart vanaf Brittanje, op 16 September te Simonstad aangekom, waar dit ook 'n ruk lank in die droogdok was.[88]

Aan die einde van Augustus 1974 het 'n RN-taakmag bestaande uit die kern-aangedrewe duikboot HMS **Dreadnaught** (arriveer in Simonstad op 28 Augustus), die torpedojaer HMS **Fife**, die fregatte HMS **Argonaut**, HMS **Scylla**, HMS **Danae** (arriveer in Simonstad op 28 Augustus), HMS **Ariadne** en HMS **Londonderry**, saam met die aanvullingskepe RFA **Tidespring**, RFA **Tidereach** (vanaf 3 September) en RFA **Tarbatness** (28 Augustus-7 September) Simonstad besoek en daarna aan maneuvers met eenhede van die SAV en SALM deelgeneem.[89] Aan die einde van 1974 het nog 'n groot RN-taakmag Suid-Afrikaanse waters besoek en aan maneuvers met die SAV en SALM deelgeneem: die kernaangedrewe duikboot HMS **Warspite** (arriveer in Simonstad op 14 Oktober), die helikopterdraende kruiser HMS **Blake**, die fregatte HMS **Leander**, HMS **Achilles**, HMS **Diomede** (Simonstad, 14 Oktober), HMS **Falmouth**, HMS **Leopard** (15 Oktober) en HMS **Lowestoft** (21 Oktober), en die aanvullingskepe RFA **Stromness**, RFA **Green Rover** en RFA **Olna**. Dit was die sterkste RN-taakmag wat Suid-Afrika tot dusver in vredestyd besoek het, maar ook - op een na - die laaste keer in 20 jaar dat RN-

---

84 **The Mercury**, 8 Oktober 1996, p. 3; Jones-manuskrip, p. 11; inligting verskaf deur mnr. Reinhard Hoheisel-Huxmann, 21 Februarie 2006 (e-pos).
85 Du Toit, p. 230.
86 **Ibid**., p. 242; R Sharpe (red.), **Jane's fighting ships 1994-95** (Coulsdon, 1994), p. 311; Jones-manuskrip, p. 11.
87 Du Toit, p. 230; **Navy News/Vlootnuus** 12, April 1993, p. 10 en 15, November-Desember 1996, p. 20.
88 Jones-manuskrip p. 11. Dit is nie duidelik waarom die susterskip, **Warak**, nie by Simonstad aangedoen het nie.
89 Du Toit, p. 230.

oorlogskepe die RSA sou besoek, want op 16 Junie 1975 is die Simonstadse Ooreenkoms deur die Britse regering opgesê.[90]

Ander Britse oorlogskepe wat Simonstad in die loop van 1974 besoek het (slegs aankomsdatums word verskaf), was die brandstofaanvullingskip RFA **Pearleaf** (18 Januarie en 1 November); die fregatte HMS **Danae** (22 Januarie), HMS **Scylla**, HMS **Londonderry** (29 Januarie), en HMS **Leopard** (22 Maart); die brandstofaanvullingskip RFA **Plumleaf** (6 Julie); die fregatte HMS **Llandaff** en HMS **Mermaid** (13 Julie - kyk ook dié skip se tweede besoek aan Suid-Afrika, nou as die Maleisiese fregat/opleidingskip **Hang Tua**, 1997); die voorradeskip RFA **Hebe** (21 September en 4 November); die fregat HMS **Llandaff** (15 November - die heel laaste RN-gevegskip om die RSA in 20 jaar te besoek) en die voorradeskip RFA **Bacchus** (2 Desember).[91]

Talle ander buitelandse oorlogskepe het Simonstad ook in 1974 besoek (slegs aankomsdatums verskaf), naamlik die nuwe Thailandse fregat **Makut Rajakumarn** (19 Maart; op sy afleweringsvaart vanaf Brittanje, waarna die skip ook Durban aangedoen het); die nuwe klein Keniaanse patrollieboot **Mamba** (22 Mei; op sy afleweringsvaart vanaf Brittanje - die eerste oorlogskip uit Afrika om Suid-Afrika te besoek); asook die volgende Franse skepe: die torpedojaers **Duquesne** en **Jaureguiberry** en die herstelskip **Garonne** (22 Mei), asook die brandstofaanvullingskip **Aber Wrach** (1 November). Aan die begin van Maart 1975 was die torpedojaers **Suffren** en **Kersaint** in Simonstad, terwyl die vliegdekskip **Clemenceau** Kaapstad vanaf 28 Februarie tot 3 Maart 1975 aangedoen het.[92]

In die eerste helfte van die 1970's het, naas die besoeke waarna tot dusver in hierdie onderafdeling verwys is, ook talle ander besoeke plaasgevind, byvoorbeeld die brandstofaanvullingskip RFA **Tidereach** se besoek aan Durban, die doklandingsvaartuig HMS **Intrepid** (Durban), die Uruguaanse olietenkskip **President Oribi** (Durban), die Colombiaanse seilopleidingskip **Gloria** (Kaapstad), die Argentynse seilopleidingskip **Libertad** (Kaapstad),[93] en die Franse fregat **Commandant Rivière** (Durban).

In die loop van die 1970's het talle Sowjet-oorlogskepe - soms individueel en soms as deel van 'n taakmag - om die Kaap gevaar. Om vanselfsprekende politieke/ideologiese redes het geeneen van hulle by enige Suid-Afrikaanse hawens aangedoen nie, maar hulle het nie toevallig om die Kaap gevaar nie: enersyds het hulle

90 **Ibid**.; Simon's Town [dorps-] Museum, koerantknipselboek.
91 Jones-manuskrip, pp. 10-1.
92 **Ibid**., p. 11; S.A. Vlootmuseum, los lêer: Abbreviated history of SAN submarine branch 1965-1988 (getikte manuskrip), pp. 43, 50, 54; S.A. Vlootmuseum: French visiting ships (lêer).
93 **Navy News/Vlootnuus** 9, November-Desember 1990, p. 2.

die kommunistiese vlag naby die pro-Westerse RSA kom vertoon, al was dit gewoonlik etlike kilometer vanaf die kus ('n vorm van diplomatieke intimidasie), maar andersyds het hulle die vermoë van die RSA (en die Weste) om hulle op te spoor en te agtervolg, getoets. Daar word met 'n enkele voorbeeld volstaan: op 15 Maart 1972 het die duikboot SAS **Maria van Riebeeck** (in 1999 herdoop tot SAS **Spear**) op 'n "Kashin"-klas torpedojaer naby Kaap Agulhas afgekom.[94] 'n Ander buitelandse oorlogskip wat ook om die Kaap gevaar het sonder om 'n hawe te besoek, was 'n Indiese landingskip wat in 1975 op sy afleweringsvaart vanaf Gdynia in Pole was. 'n Verskriklike storm aan die weskus van Afrika het die bemanning ietwat gedisoriënteerd gelaat. In stryd met Indiese beleid het die bevelvoerder, kapt. (later adm. en Vlootstafhoof) Sushil Kumar, die RSA om hulp gevra. Die SALM het 'n Shackleton maritieme patrollievliegtuig uitgestuur wat die skip opgespoor en dié se korrekte posisie bevestig het, ten einde te verseker dat die skip veilig verder kon vaar.[95]

In 1975 het Portugal hom aan sy kolonies in Afrika onttrek en het naas Portugees-Guinee in Wes-Afrika (wat op 10 September 1974 as Guinee-Bissau onafhanklik geword het), ook Mosambiek (25 Junie 1975) en Angola (11 November 1975) onafhanklik geword. Dìt het beteken dat die uitgesproke anti-kommunistiese RSA nou twee pro-kommunistiese buurstate gehad het. Teen die einde van 1975 het die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) militêr in Angola betrokke geraak om te probeer walgooi teen kommunistiese uitbreiding. Binnelands het die situasie in die RSA ook begin versleg, wat op 16 Junie 1976 en daaropvolgende dae tot die onluste te Soweto en ander swart woongebiede gelei het. Dié gebeure het meer as ooit tevore die internasionale aandag op die RSA gevestig. Suid-Afrika se beeld na buite het verder versleg toe talle organisasies en koerante in 1977 in die ban gedoen is en die swart bewussynsleier Bantu Stephen (Steve) Biko in polisieaanhouding dood is. Op 4 November 1977 het die Verenigde Nasies (VN) 'n verpligte wapenboikot teen die RSA ingestel.

Bogenoemde gebeure het die era van feitlik algehele internasionale vloot-isolasie ingelui. In die loop van 1976 was daar wel nog ten minste drie buitelandse vlootbesoeke: die Pakistanse vloot het in Desember 1975 een van die Portugese vloot se vier Frans-geboude "Daphné"-klas duikbote, die **Cachalote**, gekoop en herdoop tot **Ghazi** (om te voeg by die drie "Daphné"-klas bote waaroor Pakistan reeds beskik het) en onderweg vanaf Portugal na Indië het die **Ghazi** aan die begin van 1976 by Simonstad aangedoen om brandstof in te neem;[96] die Franse helikop-

94 **Through the periscope. South African submarines: the first thirty years. Past and present** (Simonstad, 1999), p. 45.
95 **The Mercury**, 17 Februarie 1999, p. 4. Die Indiese vaartuig was óf die **Ghorpad** óf die **Kesari**.
96 Goosen (samesteller), p. 199; Sharpe (red.), **Jane's fighting ships 1995-96**, p. 489.

terdraer/opleidingskip **Jeanne d'Arc** het Kaapstad later in die jaar (29 Maart-1 April 1976) besoek, en ongeveer in September 1976 was die Franse doklandingskip **Ouragan** vir ses dae in Simonstad. Byna 20 jaar sou verloop alvorens Franse oorlogskepe weer die RSA besoek het.[97]

## 3. FEITLIK ALGEHELE ISOLASIE, 1977-89

Die gebeure aan die tuisfront in Suid-Afrika (1976-7) en die gevolglike verpligte VN-wapenboikot (1977) - waarna reeds verwys is - het die RSA internasionaal meer as ooit tevore geïsoleer, iets wat weerspieël word deur die feit dat in die daaropvolgende dekade daar feitlik geen buitelandse vlagvertoonbesoeke aan die land se hawens gebring is nie. Die SAW - en in besonder die SAV - is swaar getref deur die boikot-aksies, want vlootkontak het vir alle praktiese doeleindes opgehou. Die enigste lande wat vlootkontak behou het, was Israel, Chili en die Republiek van China (Nasionalistiese China of Taiwan) - laasgenoemde twee lande ook relatief gesproke uitgeworpenes in die internasionale gemeenskap (hoewel die VSA sterk bande met Taiwan bly handhaaf het).

In 1977 is die Chileense seilopleidingskip **Esmeralda** in Saldanhabaai opgeknap, waarna besoek gebring is aan Kaapstad (4-8 Maart 1977) en later ook aan Durban,[98] en die Britse brandstofaanvullingskip RFA **Cherryleaf** het die laaste dag of wat van 1977 en tot en met 4 Januarie 1978 in Kaapstad deurgebring.[99] Op 22 Februarie 1980 het die Japanse ysbreker en Antarktiese navorsingskip **Fuji** in Kaapstad aangekom om brandstof in te neem.[100] Hierdie drie vaartuie was egter bloot ondersteuningskepe en nie gevegsoorlogskepe nie. In Desember 1979 het Israel een van hul aanvalsvaartuie, **Romah**, aan Chili verkoop (herdoop tot **Casma**), en in Januarie 1981 'n tweede een, **Keshet** (herdoop tot **Chipana**).[101] Hierdie twee vaartuie, wat in 1974-5 vanaf die Middellandse See om die Kaap na die Golf van Akaba gevaar het (kyk onderafdeling 2, **supra**), het nou vanaf die Golf van Akaba via die Kaap na Chili gevaar, en ten minste een van hulle (**Keshet**/**Chipana**) het onderweg by Durban aangedoen. Vir die doeleindes van die 20ste herdenking van die totstandkoming van die RSA, sou - onder normale omstandighede - oorlogskepe van verskillende lande genooi kon word om aan die feesverrigtinge (wat primêr in Durban gehou is) deel te neem. In die praktyk het net

[97] **Navy News/Vlootnuus** 14, Januarie-Februarie 1995, p. 4; S.A. Vlootmuseum, French ships and Huguenots (lêer) en French visiting ships (lêer).

[98] Sharpe (red.), **Jane's fighting ships 1994-95**, p. 110; S.A. Vlootmuseum, Chilean ship Esmeralda (lêer).

[99] **The Cape Times**, 4 Januarie 1978, p. 7. Dit was blykbaar dié skip se jaarlikse besoek aan die Kaap om brandstof in te skeep. Volgens die Jones-manuskrip, p. 11 was die skip 1-7 Januarie 1978 in Simonstad, nie Kaapstad nie.

[100] **The Cape Times**, 22 Februarie 1980, p. 11.

[101] S Saunders (red.), **Jane's fighting ships 2005-2006** (Coulsdon, 2005), p. 110.

die Chileense seilopleidingskip **Esmeralda** en die Taiwanese torpedojaers **Chiang Yang** en **Liao Yang**, en die herstelskip **Yu Tai** die RSA besoek. Die **Esmeralda** was 12-15 Mei 1981 in Kaapstad, het Oos-Londen daarna besoek en was 27 Mei-2 Junie in Durban; die Taiwanese was in Durban (7-8 Mei 1981), in Simonstad (11-15 Mei), daarna in Kaapstad (15-19 Mei), in Port Elizabeth, en laastens in Durban (28 Mei-3 Junie), waarna hulle met eenhede van die SAV aan maneuvers deelgeneem het, en deur SAV-skepe tot verby Kaap St Marie (die mees suidelike punt van Madagaskar) op hul terugvaart vergesel is.[102]

In Oktober 1984 was die nuwe Maleisiese Duitsgeboude Tipe FS 1500-fregatte **Kasturi** en **Lekir** vir sowat 24 uur in Simonstad om brandstof in te neem op hul afleweringsvaart.[103] In April 1985 het die Chileense seilopleidingskip **Esmeralda** weer eens 'n besoek aan Suid-Afrika gebring en by Kaapstad (8-13 April) en Port Elizabeth (16-20 April) aangedoen.[104] 'n Taiwanse taakmag bestaande uit die torpedojaers **Chien Yang** en **Liao Yang**, en die herstelskip **Yu Tai**, was ook in 1985 in Suid-Afrika. Hulle het op 1 Julie in Durban aangekom om brandstof in te neem, en vervolgens Kaapstad, Port Elizabeth en weer Durban (arriveer 10 Julie) besoek.[105] Die laaste keer dat 'n SAV-fregat in meer as 20 jaar met besoekende oorlogskepe aan maneuvers deelgeneem het, het ook tydens dié besoek plaasgevind, toe die SAV se enigste oorblywende Tipe 12/"President"-klas fregat, SAS **President Pretorius**, kort voordat dit aan diens onttrek is, met die besoekers aan maneuvers deelgeneem het.[106] In Augustus-September 1988 het die Chileense seilopleidingskip **Esmeralda** sy vierde besoek aan Suid-Afrika gebring toe Saldanhabaai (13-15 Augustus), Kaapstad (16-20 Augustus), Oos-Londen (24-27 Augustus) en Durban (29 Augustus-1 September) tydens 'n opleidingsvaart reg rondom die wêreld besoek is.[107] Op 3-4 Februarie 1989 het die Japanse ysbreker **Shirase** Kaapstad besoek om drie Japanse wetenskaplikes wat in Antarktika beseer is toe hulle in 'n gletserskeur afgeval het, aan land te bring sodat hulle na Japan gevlieg kon word.[108] In 1989 was daar 'n derde Taiwanse besoek, toe die torpedojaers **Shen Yang** en **Suei Yang**, en die herstelskip **Yu Tai**, Durban (3 Mei 1989), Kaapstad (27-29 Mei), Port Elizabeth (30 Mei-1 Junie) en weer Durban (3-6 Junie) besoek het.[109]

---

102 **Paratus** 32(6), Junie 1981, p. 16; Du Toit, p. 234; **Fish Hoek Echo**, 16 Mei 1981, p. 11; inligting verskaf deur skout-adm. (JG) AP Burgers, 11 Julie 2006 (e-pos).
103 **Paratus** 36(2), Februarie 1985, p. 27; **Navy News/Vlootnuus** 3(10), 1984, p. 3.
104 **Navy News/Vlootnuus** 4(3), 1985, pp. 3-7, 11-4.
105 **Ibid**. 4(6), 1985, p. 4 en 4(8), 1985, pp. 2-6, 10-8; **Paratus**, September 1985, pp. 20-1.
106 Du Toit, p. 237.
107 **Navy News/Vlootnuus** 7(11), 1988, p. 12; S.A. Vlootmuseum, Chilean ship Esmeralda (lêer).
108 **The Cape Times**, 4 Februarie 1989, p. 3.
109 **Navy News/Vlootnuus** 8, Junie 1989, Bylae, p. 1 en Julie 1989, p. 11.

Met die uitsondering van die Chileense **Esmeralda** (wat opleidingsvaarte onderneem het en naas besoeke aan talle ander lande ook RSA-hawens besoek het) en die Taiwanse taakmagte (wat pasklaar vlagvertoon-/opleidingsvaarte na die RSA onderneem het), was die ander oorlogskepe se besoeke in die jare 1977-89 nie vlagvertoonvaarte in die ware sin van die woord nie, want hulle het óf noodgedwonge 'n besoek gebring (**Shirase**) óf bloot brandstof ingeskeep; trouens, met die uitsondering van die twee Maleisiese fregatte en twee Chileense aanvalsvaartuie, was al die ander skepe boonop ondersteuningsvaartuie.

Soos in die periode 1961-76, het Sowjet-vlootvaartuie ook in die jare 1977-89 van tyd tot tyd om die Kaap gevaar, óf individueel óf in taakmagte. Tot en met ongeveer die middel-1980's het die Koue Oorlog in felheid voortgewoed, waarna die Sowjet-leier Mikhail Gorbachev se beleid van **glasnost** (openheid) en **perestroika** (herstrukturering) geleidelik tot 'n beter verhouding tussen die Weste en die Oosbloklande gelei het, die Sowjet-Unie se satellietstate in Oos-Europa in 1989 die kommunistiese juk afgewerp en die Sowjet-Unie self in 1991 in 15 state opgebreek het.

Voorbeelde van Sowjet-skepe wat om die Kaap gevaar het, is die helikopterdraende kruiser **Leningrad** (omstreeks die einde van 1977); die aanvullingskip **Boris Chiliken** (ook omstreeks die einde van 1977);[110] 'n sterk taakmag bestaande uit die vliegdekskip **Minsk**, "Kara"-klas kruisers **Petropavlosk** en **Tashkent**, die doklandingskip **Ivan Rogov** en "Boris Chilikin"-klas aanvullingskip **Boris Butoma** (van wes na oos om die Kaap gevaar, April 1979, met SAV-skepe en/of SALM-vliegtuie wat hulle vanaf naby die monding van die Kunenerivier - op die grens tussen Angola en SWA - tot by Mosambiek se gebiedswater dopgehou het);[111] die "Balzam"-klas spioenasieskip **CCB**(SSV)**493** (1982);[112] 'n sterk taakmag bestaande uit die "Kiev"-klas vliegdekskip **Novorossiysk**, "Kresta II"-klas kruiser **Admiral Isakov**, "Kara"-klas kruiser **Nikolayev**, "Krivak I"-klas fregat **Poryvisty**, "Ivan Rogov"-klas doklandingskip **Aleksandr Nikolaev** en "Boris Chilikin"-klas aanvullingskip **Genrich Gasanov** (van wes na oos om die Kaap, November 1983).[113]

In September 1985 het 'n Sowjet-taakmag bestaande uit die "Kirov"-klas kruiser **Frunze**, "Sovremenny"-klas torpedojaer **Osmotritelny**, die "Udaloy"-klas torpedojaer **Admiral Spiridonov**, 'n kernaangedrewe duikboot (waarskynlik van die

110 **Paratus** 29(1), Januarie 1978, p. 2.
111 **Ibid**. 30(6), Junie 1979, p. 27.
112 **Ibid**. 33(11), November 1982, p. 17.
113 **Ibid**. 34(12), Desember 1983, pp. 10-1. Die taakmag is ook vergesel deur die burgerlike brandstofaanvullingskip **Kazbek** wat ter ondersteuning van die Sowjet-vloot aangewend is. Dit is interessant om daarop te let dat die kruiser **Nikolayev** aan die begin van 1995 in die Durbanse hawe was - nie as 'n grys diplomaat nie, maar as 'n geroeste skeepsromp, op sleeptou deur die Russiese sleepboot **Bsshumny**, onderweg na Indië om as skroot opgebreek te word.

"Victor"-klas), die ongeïdentifiseerde skip **CS U1XZ** en die "Boris Chilikin"-klas aanvullingskip **Genrich Gasanov** van wes na oos verby die Kaap gevaar, agtervolg en dopgehou deur eenhede van die SAV.[114] Op 1 November 1987 het drie Sowjet "Udaloy"-klas torpedojaers (**Admiral Zakharov**, **Marshal Shaposhnikov** en **Admiral Tributs**) van wes na oos verby Kaappunt gevaar - vanaf 100 seemyl wes van die Kuneneriviermond tot by die Mosambiekse gebiedswater deur eenhede van die SAV en SALM agtervolg. Suid van Kaappunt het die Sowjet-skepe ter see brandstofaanvulling vanaf die "Boris Chilikin"-klas aanvullingskip **Genrich Gasanov** gedoen (laasgenoemde het toe na Luanda teruggekeer) en kort duskant Maputo in Mosambiek (waar die meeste Sowjet-skepe gaan besoek aflê het) het hulle brandstof van die burgerlike aanvullingskip **Leninskoye Znamua** ontvang.[115] In Augustus 1989 het die Sowjet-vloot se satellietopspoor-/spioenasieskip **Kapusta** van wes na oos om die Kaap gevaar - soos gebruiklik feitlik deurgaans deur eenhede van die SAV en/of SALM gemonitor.[116]

Ander skepe wat om die Kaap gevaar het sonder om Suid-Afrikaanse hawens te besoek, sluit in 'n VSA-taakmag bestaande uit die kernaangedrewe "Nimitz"-klas vliegdekskip USS **Nimitz**, die "California"-klas kernaangedrewe kruiser USS **California** en die "Virginia"-klas kernaangedrewe kruiser USS **Texas** (van wes na oos om die Kaap gevaar, Januarie 1980, en in die Indiese Oseaan deur die Durban-gebaseerde SAV-aanvalsvaartuie SAS **Jan Smuts** en SAS **Frans** Erasmus - laasgenoemde in 1997 tot SAS **Isaac Dyobha** herdoop - onderskep);[117] in 1982 het die kernaangedrewe vliegdekskip USS **Enterprise** 'n VSA-taakmag om die Kaap gelei, wat ook uit drie ander oorlogskepe bestaan het - en deur 'n SAV-missieldraende aanvalsvaartuig onderskep is;[118] en in 1986 het die Indiese fregat **Godavari** om die Kaap gevaar.[119] Tydens die Falkland-oorlog van 1982 was die Britse brandstof-aanvullingskip RFA **Brambleleaf** die enigste Britse skip wat vanaf die Indiese Oseaan om die Kaap na die Suid-Atlantiese Oseaan gevaar het om aan te sluit by die Britse taakmag wat die Falkland-eilande herower het.[120]

---

114 André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), Grys diplomate (lêer): Lys van Sowjet-skepe wat om die Kaap gevaar het (verskaf deur S.A. Vloot).
115 **Ibid**.; SAUK TV-nuusbulletin, 20h00, 1 November 1987.
116 Inligting verskaf deur skout-adm. (JG) PC Potgieter; M Hamence en W Brent, **Canberra in Southern African service** (Nelspruit, 1998), pp. 87-9; **Jane's fighting ships 1994-95**, p. 583.
117 **Naval Forces** 8(2), 1987, p. 145; Du Toit, p. 302.
118 Inligting verskaf deur Henri du Plessis, 3 April 1997.
119 Du Toit, p. 307.
120 D Brown, **The Royal Navy and the Falklands War** (Londen, 1989), pp. 67, 100.

## 4. GELEIDELIKE HERTOETREDE TOT DIE INTERNASIONALE GEMEENSKAP, 1990-4

In 'n epogmakende toespraak tydens die opening van die parlement in Kaapstad op 2 Februarie 1990, het staatspresident FW de Klerk aangekondig dat die verbod op die African National Congress (ANC), Pan-Africanist Congress (PAC), Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en ander tot nog toe verbode organisasies, opgehef word en alle oorblywende politieke gevangenes vrygelaat gaan word - insluitende Nelson Mandela (wat op 11 Februarie 1990 vrygelaat is). Hierdie gebeure het 'n nuwe era in die geskiedenis van die RSA ingelui, die weg gebaan vir die politieke onderhandelingsproses om in die land te begin (wat tot die daarstel van 'n ware demokratiese RSA in April 1994 sou lei) en geleidelik tot die normalisering van die land se internasionale verhouding aanleiding gegee het - insluitende militêre verhoudinge. Dít het beteken dat SAV-skepe voortaan weer geleidelik (en vanaf April 1994 volkome) welkom was om vlagvertoonvaarte na ander lande te onderneem, terwyl al hoe meer buitelandse oorlogskepe nou ook weer Suid-Afrikaanse hawens besoek het.

Interessant genoeg het die VSA se kernaangedrewe vliegdekskip die USS **Enterprise**, vergesel van die kernaangedrewe kruiser USS **Long Beach**, in die tweede week van Februarie 1990 om die Kaap gevaar, maar geen hawens besoek nie, hoewel hulle die RSA se lugverdedigingstelsels getoets het deur vliegtuie in die rigting van Durban te stuur.[121] Die ou bekende Chileense seilopleidingskip **Esmeralda** het Saldanhabaai (29-30 September) en toe ook Kaapstad (1-10 Oktober 1990) aangedoen,[122] en die Uruguaanse seilopleidingskip **Capitan Miranda** het Kaapstad 7-13 Januarie 1991 besoek.[123] Sowat vier maande later het nog 'n Uruguaanse oorlogskip Kaapstad besoek, naamlik die Antarktiese ondersteuningskip (voormalige "Auk"-klas VSA-mynveër) **Commandante Pedro Campbell** - nie op 'n ware vlagvertoonvaart nie, maar om 'n drywende droogdok (wat vroeër in Kaapstad en Oos-Londen gebruik is) na 'n vissersdorp naby Montevideo te sleep.[124] Die eerste volwaardige oorlogskip wat die RSA sedert Februarie 1990 besoek het (dit wil sê nie bloot 'n opleidingskip of ondersteuningsvaartuig nie), was ook van Uruguay afkomstig, naamlik die fregat **General Artigas** (die voormalige Franse skip **Victor Schoelcher**, wat die RSA in 1965 besoek het) - Simonstad (10-13 Desember 1991) en Kaapstad (13-16 Desember). Beperkte maneuvers met SAV-

---

121 **The Natal Mercury**, 9 Februarie 1990, p. 1; **The Star**, 12 Februarie 1990, p. 2.
122 **Navy News/Vlootnuus** 9, Oktober 1990, p. 13.
123 **The Natal Mercury**, 3 Januarie 1991, p. 5.
124 **South African Shipping News and Fishing Industry Review** 46(3), 1991, p. 4; R Sharpe (red.), **Jane's fighting ships 1990-91** (Coulsdon, 1990), p. 808.

eenhede het plaasgevind.[125] Tussen 6-13 Januarie 1992 was die **Capitan Miranda** weer eens in Kaapstad.[126]

In die eerste twee weke van Junie 1992 het die Taiwanse torpedojaers **Kai Yang** en **Te Yang**, en die nuwe aanvullingskip **Wu Yi**, Simonstad (arriveer 30 Mei), Kaapstad (vertrek 6 Junie), Port Elizabeth (vertrek 10 Junie) en Durban (vertrek 15 Junie) besoek.[127] Hoewel die VSA se verbod op oorlogskip-(vlagvertoon-)besoeke aan die RSA steeds van krag gebly het totdat die land 'n volwaardige demokrasie geword het, het 'n hele aantal Military Sealift Command (MSC)-skepe (dus hoofsaaklik vragskepe, behorende tot die VSA se Departement van Verdediging, maar deur burgerlikes beman, soms wel met 'n aantal vlootpersoneel aan boord) die RSA in die loop van 1993 besoek. Eers was daar die voertuigvragskip **Altair** (Durban, 12-14 Januarie 1993), daarna sy susterskip die **Bellatrix** (Durban, 25 Februarie) en toe nog 'n susterskip, die **Denebola** (Durban, 9 Maart) om brandstofaanvulling te doen. Tot die middel van 1993 het 'n verdere sewe MSC-skepe Durban besoek om brandstof in te skeep.[128] In Januarie-Maart 1994 het ook die volgende MSC-skepe Durban besoek om brandstof aan te vul: die **Cape Decision** en **Cape Hudson** (21 Januarie), **Bellatrix** (22 Januarie), **Denebola** (16 Februarie), **Cape Horn** (1 Maart) en **Cape Henry** (7 Maart) - almal na of van Somalië waar die VSA aan die VN-vredesmagoperasie "Operation Restore Hope" deelgeneem het.[129] Intussen het die Portugese seilopleidingskip **Sagres** Kaapstad vanaf 24-28 Junie 1993 besoek,[130] en vanaf 8 tot 15 November 1993 het die Argentynse seilopleidingskip **Libertad** 'n besoek aan Kaapstad gebring.[131]

Bykans 20 jaar nadat die **Blake**-taakmag die RSA besoek het, het die RN uiteindelik weer 'n besoek aan die land gebring. Die fregat HMS **Norfolk** het Kaapstad (27-31 Januarie 1994) en Simonstad (31 Januarie-1 Februarie) besoek, en die brandstofaanvullingskip RFA **Green Rover** ook Kaapstad (27 Januarie-1 Februarie) - onderweg na die Falkland-eilande.[132] Geen maneuvers met SAV-skepe het plaasgevind nie, aangesien die Europese Unie se verbod op militêre samewerking met die RSA

---

125 **The Citizen**, 7 Desember 1991, p. 14; **The Natal Mercury**, 9 Desember 1991, p. 2; **Navy News/Vlootnuus** 11, Maart 1992, pp. 9-10.

126 **The Citizen**, 7 Januarie 1992, p. 9; **Paratus** 43(3), Maart 1992, p. 19; **Navy News/Vlootnuus** 11, Maart 1992, p. 11.

127 **Navy News/Vlootnuus** 11, Julie 1992, pp. 9-12.

128 **The Natal Mercury**, 13 Januarie 1993, p. 1; **South African Shipping News and Fishing Industry Review** 48(2), Maart-April 1993, p. 10 en 48(4), Julie-Augustus 1993, p. 8.

129 **South African Shipping News and Fishing Industry Review** 49(1), Januarie-Februarie 1994, p. 9.

130 SAUK-TV, nuusbulletin, 20h00, 24 Junie 1993.

131 **Paratus** 44(12), Desember 1993, p. 13.

132 **Navy News/Vlootnuus** 13, Maart 1994, pp. 11-3; **Die Burger**, 5 Januarie 1994, p. 1 en 27 Januarie 1994, p. 17; **The Star**, 5 Januarie 1994, p. 1 en 28 Januarie 1994, p. 5.

steeds van krag was.[133] Kort daarna het die nuwe Franse fregat **Germinal** (die skip was nog nie amptelik in diens nie, maar besig met seeproewe) eers Kaapstad (14-16 Februarie 1994), toe Simonstad (16-17 Februarie) en daarna weer Kaapstad (17-21 Februarie) besoek.[134] Om middernag 28 Februarie/1 Maart 1994 het die RSA vrywillig die Walvisbaai-enklawe (sedert 1878 onder Britse beheer en sedert 1910 Suid-Afrikaanse grondgebied) aan Namibië oorgedra. Op 28 Februarie 1994 het die Brasiliaanse fregat **Niterói** in Walvisbaai aangekom.[135]

In die tydperk Februarie 1990 - April 1994 het 'n aantal ander oorlogskepe hul ook in Suid-Afrikaanse hawens bevind. Hoewel dit nie vlagvertoonbesoeke was nie, word dit interessantheidshalwe wel genoem. Sedert die beëindiging van die Koue Oorlog omstreeks 1990, het die Sowjet-Unie en daarna Rusland (vanaf 1991, toe die Sowjet-Unie in 15 state verdeel het) sy weermag verklein - wat onder meer beteken het dat verskeie oorlogskepe en duikbote aan diens onttrek is. Talle van die oorlogskepe is via die Kaapse seeroete na Indië gesleep om as skroot afgetakel te word, insluitende die "Sverdlov"-klas kruiser **Alexandr Nevsky** (in Tafelbaai, 29-30 Oktober 1990); die "Kresta II"-klas kruiser **Admiral Nakhimov** (Durban, 24-26 April 1992 - die eerste keer ooit dat 'n Russiese oorlogskip, hoewel aan diens onttrek, in dié hawe was);[136] die kruiser **Sverdlov** (Tafelbaai, 26-29 Desember 1992);[137] en die "Kresta II"-klas kruiser **Marshal Timoshenko** (wat bloot verby die RSA-kus na Indië gesleep is, Januarie 1994).[138]

Twee gewese RN-fregatte, **Cleopatra** en **Minerva**, is deur 'n enkele sleepboot via die Kaapse seeroete vanaf Brittanje na Indië gesleep om afgetakel te word, maar die **Cleopatra** het op 25 November 1993 losgebreek. 'n SALM-Dakota het die skip opgespoor, waarna dit weer op sleeptou geneem is. (Die sleepboot en **Minerva** het intussen by Port Elizabeth aangedoen.)[139] Ook die gewese VSA-vlootvragskepe **Everglades** (Tafelbaai, 6 Februarie 1992, waar twee Roemeense verstekelinge, wat te Las Palmas aan boord gegaan het, van die skip verwyder is)[140] en twee "Victory"-vragskepe (Durban, eerste week van Mei 1992)[141] was in Suid-Afrikaanse hawens, onderweg na Indië om afgetakel te word. Dan was daar die

---

133 **Die Volksblad**, 28 Januarie 1994, p. 3.
134 **Navy News/Vlootnuus** 13, April 1994, p. 13; **Paratus** 45(4), April 1994, p. 18. Die Franse wou graag die eerste NAVO-land wees om die RSA weer te besoek, en die **Jeanne d'Arc** sou Simonstad en Kaapstad tussen 16 en 19 Januarie 1994 besoek het, maar dit is afgelas. **Die Volksblad**, 3 Januarie 1994, p. 7.
135 **Southern Africa Report** 12(46), 1994, p. 6.
136 **The Weekend Mercury**, 25 April 1994, p. 3.
137 **South African Shipping News and Fishing Industry Review** 48(1), Januarie-Februarie 1993, p. 6; SAUK-TV, nuusbulletin, 20h00, 27 Desember 1993.
138 **The Natal Mercury**, 27 Januarie 1994, p. 3.
139 SAUK-TV, verskeie nuusbulletins, November 1993.
140 SAUK-TV, nuusbulletins, 20h00, 6 Februarie 1992 en 20h00, 7 Februarie 1992.
141 **Tempo**, 8 Mei 1992, p. 10.

Sweedse opleidingskip/mynlêer **Carlskrona** wat 19-22 Februarie 1993 van wes na oos om die Kaap (en binne RSA-gebiedswater) gevaar het, sonder om 'n hawe te besoek, aangesien Suid-Afrika nog nie 'n waarlik demokratiese land was nie.[142]

## 5. SLOTPERSPEKTIEF

Uit bogenoemde oorsig van buitelandse vlagvertoonbesoeke aan die RSA in die jare 1961-94 is dit duidelik dat buitelandse gebeure, maar in besonder politieke verwikkelinge in Suid-Afrika, die aard en omvang van vlootkontak beïnvloed het. Binne die konteks van die Koue Oorlog was die Kaapse seeroete van besondere belang en het veral Britse, maar ook verskeie Franse en 'n paar Amerikaanse oorlogskepe, RSA-hawens besoek. Die sluiting van die Suezkanaal (1967-75) het tot 'n toename in besoeke gelei, maar vanaf 1967 het die VSA om politieke redes hul oorlogskepe verbied om by die RSA aan te doen, hoewel VSA-taakmagte periodiek om die Kaap gevaar het; net soos Sowjet-taakmagte, wat hul mag in die suidelike oseane kom vertoon het.

Die Soweto- en ander onluste van 1976 en die gevolge van die NP-regering se neerdrukkende apartheidsmaatreëls, het tot feitlik algehele vloot-isolasie in die jare 1977-89 gelei met slegs Chili en Taiwan wat periodiek vlootvaartuie op formele besoeke na die RSA ontplooi het. Die dramatiese politieke gebeure wat in 1990-94 in die RSA plaasgevind het, het egter die deur vir normale vlootbetrekkinge geopen en reeds in die paar maande net voor die April 1994-verkiesing, het enkele buitelandse vlootvaartuie van ou (en nuwe) vriende by RSA-hawens besoek afgelê. Dit was duidelik dat 'n nuwe era betree is. In die derde (en laaste) deel van hierdie studie sal die buitelandse vlagvertoonbesoeke aan die RSA gedurende die jare 1994-2004 bespreek word.

142 **Paratus** 44(4), April 1993, p. 13. In 1998 en 2001 het die **Carlskrona** wel die RSA besoek - kyk deel 3 van hierdie studie.